# ‘n Tweede kans






## 2020-04-10

## AGS Rayton

## Past Gustav van Aardt

# Inleiding

- Het jy al gewens jy kon dinge oordoen?
- Moontlik in jou lewe ‘n verkeerde besluit geneem, of in ‘n oomblik van swakheid het jy ‘n fout gemaak.
- Almal soek ‘n tweede kans.
- Die goeie nuus is God bied aan die mense ‘n tweede kans deur wat oor Paasnaweek gebeur.
- Voel die inperking (lockdown) vir jou bietjie erg – God gee vir ons tweede kanse om met Hom besig te wees en tyd met Hom te spandeer.  Hoe gelukkig kan ons nie wees nie.
- Die kinders van die Here kan weet alles sal ten goede meewerk (Rom 8:28)

# Skriflesings

- Ex 12:1-13
- Ex 12:22-23
- Rom 8:28
- 2 Kor 5:17

- Exo 12:1  En die HERE het met Moses en Aäron in Egipteland gespreek en gesê:
- Exo 12:2  Hierdie maand moet vir julle die begin van die maande wees; dit moet vir julle die eerste van die maande van die jaar wees.
- Exo 12:3  Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen ‘n lam neem volgens die families, ‘n lam vir ‘n huisgesin.
- Exo 12:4  Maar as ‘n huisgesin te klein is vir ‘n lam, dan moet hy en sy buurman wat die naaste aan sy huis is, dit neem volgens die sieletal; na wat elkeen gewoond is om te eet, moet julle die getal op die lam bereken.
- Exo 12:5  Julle moet ‘n lam hê sonder gebrek, ‘n jaaroud rammetjie. Van die skape of van die bokke kan julle dit neem.
- Exo 12:6  En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand.
- Exo 12:7  En hulle moet van die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte en aan die bo-drumpel, aan die huise waarin hulle dit eet.
- Exo 12:8  En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai; saam met ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet.

- Exo 12:9 Julle moet daarvan nie eet as dit rou is en as dit in water gaar gekook is nie, maar oor die vuur gebraai, die kop en pootjies saam met die binnegoed.
- Exo 12:10 Julle mag daar ook niks van laat oorbly tot die môre toe nie; maar wat daarvan tot die môre oorbly, moet julle met vuur verbrand.
- Exo 12:11 En só moet julle dit eet: Julle heupe moet omgord wees, julle skoene aan jul voete en julle staf in jul hand; baie haastig moet julle dit eet. ‘n Pasga van die HERE is dit.
- Exo 12:12 Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek, die HERE.
- Exo 12:13 Maar die bloed sal vir julle ‘n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie.

- Exo 12:22 En neem ‘n bossie hisop en steek dit in die bloed wat in die skottel is, en stryk aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte van die bloed wat in die skottel is. Maar niemand van julle mag uit die deur van sy huis uitgaan tot die môre toe nie.
- Exo 12:23 Want die HERE sal deurtrek om die Egiptenaars swaar te tref. Maar wanneer Hy die bloed sien aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte, sal die HERE by die deur verbygaan en die verderwer nie toelaat om in julle huise in te gaan om te slaan nie.

# 1. Instelling van die Paasfees

- Die 10de plaag – dood van die eersgeborenes is op die punt om te gebeur.
- God gee instruksies aan Moses oor hoe hulle gespaar kan bly.

Exo 12:7 En hulle moet van die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte en aan die bo-drumpel, aan die huise waarin hulle dit eet.

# 1. Instelling van die Paasfees

- Hoe interessant dat ons op die oomblik ook nie uit ons huise mag gaan nie..

Exo 12:22 .... Maar niemand van julle mag uit die deur van sy huis uitgaan tot die môre toe nie.

# 2. Wend die Bloed aan

- Die bloed kan nie in die skottel bly nie – jy gaan dit op jou deurposte moet kry.
- Die bloed is beskikbaar, maar dit gaan niks vir jou beteken as jy dit nie aanwend nie.
- Baie mense weet van die bloed van Jesus.

Exo 12:22  En neem ‘n bossie hisop en steek dit in die bloed wat in die skottel is, en stryk aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte van die bloed wat in die skottel is.

# 3. Eet die hele Lam

- Jy moet Christus ten volle inkry. (Joh 15:5)
- Elke woord wat Hy gespreek het. (Onthou die Lam was sonder gebrek en sonde - reinheid)
- Moet niks uitlos nie.
- Volg Christus ten volle

Exo 12:9 Julle moet daarvan nie eet as dit rou is en as dit in water gaar gekook is nie, maar oor die vuur gebraai, die kop en pootjies saam met die binnegoed.

Exo 12:10 Julle mag daar ook niks van laat oorbly tot die môre toe nie;

# 4. Kruip weg agter die Bloed

- Net die Bloed van die Lam sal jou kan beskerm.
- Het jy vandag die beskerming van die Bloed van Jesus Christus?
- Het jy die Allerhoogste jou beskutting gemaak?  (Psalm 91:9-10)

Exo 12:13  Maar die bloed sal vir julle ‘n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie.

# 5. Ons lewe begin by die 2de kans

- Die 2de kans wat God vir ons bied is eintlik wanneer ons lewens werklik begin.
- Die begin van lewe is in Jesus Christus
- Dood in hierdie wêreld beteken nie dat dit die einde vir jou is nie.
- Hoekom vrees ons nog die dag van môre?
- God is in die besigheid van om dinge nuut te maak.

2Kor 5:17 Daarom, as iemand in Christus is, is hy ‘n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.

# 6. Hoop is om in Jesus te wees

- Hierdie is ‘n lewende hoop

1Pe 1:3 Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot ‘n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode,

1Pe 1:4 sodat ons ‘n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons.

- Party mense se hoop is dalk om alles weer terug te kry soos hulle dit wil hê.
- Is jou hoop net dat die lockdown moet klaarkry? Daar gaan nog steeds ‘n deurmekaar wêreld wees met misdaad, korrupsie, afgodery, trotsheid, ‘n lewe sonder God.
- Hoop is egter om hierdie tweede kans te benut wat God vir ons gegee het. (Dit is ‘n lewende hoop)

# 7. Is daar afstand tussen jou en Jesus?

- Dit is hoekom ons ‘n tweede kans kry.
- Gryp die kans aan.
- Almal stem saam dat die Corona virus die wêreld in ‘n oomblik kom verander het.
- Daar is egter niemand soos Jesus Christus wat die wêreld kom verander het in ‘n oomblik toe Hy gekom het en aan die kruis gesterf en opgestaan het nie.
- God het alles kom verander deurdat Hy vir die mens dit moontlik gemaak het om met God versoen te word.
- Dit bepaal hoe jy hierdie lewe gaan verder lewe as ‘n oorwinnaar in Christus, maar dit bepaal ook waar jy jou gaan bevind as jy van hierdie aarde af vertrek eendag.

# Afsluiting

- Is daar afstand tussen jou en Jesus?

**1Jn 1:9** As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

**Rom 10:9** As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;

**Rom 10:13** Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.